



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

JUNIE 2014 Nr 43

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Die kerk is vir siek mense

Saterdagoggend, die koudste Saterdagoggend hierdie jaar, sit ek gepantser teen die koue, 'n heerlike koppie warm koffie en drink. Oorkant my sit 'n vriend wat my vir ontbyt genooi het. Hy vertel my van sy kerk – nie dieselfde naam as ons kerk nie. Een van die oudste en grootste charismatiese kerke in Suid-Afrika. Sy volgende opmerking sou my gedagtes die hele dag besig hou en my oor óns bediening laat wonder: "Vir ons is gesondheid baie belangrik, eintlik genesing."

Vir eers krimp my hart inmekaar. Ek sien op vir 'n moeilike gesprek rondom hande oplê, siekte bestraf en mense gesond bid. Ek is nie opgewasse daarvoor nie en meer, ook nie lus vir só 'n gesprek op hierdie vars Saterdagoggend nie. "Vir ons is die kerk vir siek mense" – vervolg hy.

Wat volg, is 'n beskrywing van 'n verskeidenheid van sondes en nood en siekte waarvoor mense kerk toe kom. Hy verwoord duidelik en onomwonde al die nood van ons dag. Hy verduidelik dat die enigste plek vir genesing dié ruimte, wat ons kerk noem, is. Ek begin geleidelik verstaan wat hy bedoel. Wat mense die siekste maak, is hulle gevoel van ontoereikendheid, die onvermoë om swakhede en sondes te oorwin. Sondag vir Sondag sit daar siek mense voor ons, wat na genesing soek. Ná 'n voorskrif, ná behandeling vir die nood waarin hulle verkeer. Hoop hulle op 'n diagnose van: *jy is gesond, besig om gesond te word... dit sal beter gaan.*

Ek het die hele dag gewonder oor my eie geestelike gesondheidstoestand. Kan ek myself met vrymoedigheid 'n goeie geestelike dokter noem? Het ek die regte kennis en vaardighede? Is ek gereed dat die kerk die plek vir siek mense is? Toe onthou ek Jesus se woorde: *Die wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars.*"

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...
Gerhard Botha



VBO-VOETPAD

SERTIFIKAAT IN BEDIENINGSVERNUWING 2014:

Ons het verskeie versoeke ontvang van persone vir wie dit nie moontlik is om by die eerste blok in te skakel nie, maar wel by die tweede. Daarom gee ons geleentheid vir persone om steeds vir die Sertifikaat in Bedieningsvernuwing in te skryf. Alhoewel dit die beste is om die blokke opeenvolgend te doen, behoort dit vir volwasse leerders geen probleem te bied nie.

VBO-punte: 20 per module

Registrasie vir Module 2 is nou oop: SMS D25674, u naam en e-posadres na 31029

Sodra ons u naam ontvang het, stuur ons vir u die registrasiebesonderhede.

Let wel: persone vir Module 1

Plek: Bloemfontein, UV, Teologiese Fakulteit, Kamer 120.

Dag 1: 10:00 – 17:00

Dag 2: 09:00 – 17:00

Dag 3: 09:00 – 13:00

Nege modules oor 3 jaar versprei:

Jaar 1: 2014

Module 2:
15 – 17 Sept

Aanbieder: Prof Kobus Schoeman
Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?

Module 3:
17 – 19 Nov
(Datum gaan dalk vroeër skuif)

Aanbieder: Prof Rian Venter
Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie

WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014: DR RICHARD BLACKABY IN BLOEMFONTEIN

Plek: NG Gemeente Pellissier - Vlakfonteinlaan 6, Pellissier

Tyd: 10:30 – 15:30

Koste: R150pp - betaalbaar by Pellissier

VBO-punte: 5

Registrasie: SMS D26166, u naam en e-posadres na 31029

FRESH EXPRESSIONS:

Shepherd is in vennootskap met *Communitas*, by bogenoemde betrokke. Die lesingsreeks sal vanaf 2015 deur *Shepherd* aangebied word. Daar is 'n eerste opleidingsgeleentheid gedurende Oktober. Ons voorsien u van al die tersaaklike inligting sodra dit gefinaliseer is.



Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.